



Verwysing: 20211111-7608
Lêerno.: 13/8/3
Navrae: B Calvert

Eksamenadministrasieminuut: 0020/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamen-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Prosedures vir die administrasie van die Musiek-vraestel 2 (V2) (Begrip) vir 2021 se Nasionale Senior Sertifikaat eksamen

1. Musiek se V2-eksamen (Begrip) sal op 06 Desember 2021 geskryf word. Die vraestelle sal gedurende die week van 01 Desember 2021 versend word en deur die musiekkompakskyf (CD) met die verskillende musieksnitte vergesel word.
2. Die CD wat die musiek bevat, sal afsonderlik van die vraestel binne 'n opgestopte koevert verpak en dan binne die bruin kartonbokse wat die Smartlock-sakke bevat, verpak word.
3. By ontvangs van die bruin kartonbokse, moet dit onmiddellik in die prinsipaal/hoofopsiener se kantoor, in 'n veilige area, oopgemaak word om die besending te verifieer.
4. Die sessie se Smartlock-sakke wat die vraestelle bevat, saam met die opgestopte koevert, moet dan onmiddellik in die kluis/brandkluis bewaar word.
5. Die CD wat die musiek bevat, mag slegs **drie dae voor** die eksamen vanaf **01-03 Desember 2021** uit die kluis/brandkluis verwyder word om dit te toets. Die Musiekonderwyser moet die CD wat die musiek bevat in die teenwoordigheid van die hoofopsiener op die klanktoerusting, wat tydens die eksamen gebruik sal word, toets. Elke musieksnit moet getoets word. As die musiek op die CD foutief is, **moet daar onmiddellik met mnr. C Berry by 021 467 2265** in aanraking gekom word.

6. **Op die eksamendag** moet die volgende prosedures vir die administrasie van Musiek se V2-eksamen nougeset gevolg word:
 - 6.1 Die musiek op die CD en die CD-speler moet weer getoets word. Die toets moet een uur voor die aanvang van die eksamen gedoen word. Maak asseblief seker dat die onderwyser wat met die CD-speler gaan werk, vertrouwd is met die funksies.
 - 6.2 Die vraestel bied duidelike instruksies oor **hoeveel keer die musieksnitte gespeel behoort te word**, en geen afwyking daarvan sal toegelaat word nie. Kandidate mag dus nie versoek dat musieksnitte meer kere as wat toegelaat word, herhaal word nie.
 - 6.3 Al die kandidate moet vir die volle duur van die eksamen in die eksamenlokaal bly sit, ongeag of hulle die eksamen voor die einde voltooi het.
 - 6.4 Die eksamen moet onder toesig van die hoofopsiener uitgevoer word.
7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van musiekonderwyser(s) en hoofopsieners.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-11-18